Richtersveld

Begin:	Vanrhynsdorp - Vanrhynsdorp (opsionele akkommodasie beskikbaar)
Styl:	4x4 voeruie & kampering
Verwysing:	RICH7/1
Fisies:	'n Basiese vlak van fiksheid is nodig om die toer ten volle te geniet. Geskik vir mense tot die ouderdom van 65 jaar – Kontak ons gerus vir meer inligting.

Is hierdie die toer vir jou?

- Hierdie toer het 'n paar lang reisdae.
- Suid-Afrikaanse dag temperature styg in die somer tot 34 - 38° C.
- Dit wat jy op die toer mag sien en ervaar is nie noodwendig dit wat ander gesien en ervaar het nie en ook nie altyd soos prentjies dit voorstel nie.
- Soos die spreekwoord loop,"early bird catches the worm," mag daar 'n paar vroeë oggende wees om die beste foto-geleenthede te kry sowel as om die lang paaie vroeër agter die rug te kry.
- Hierdie toer maak slegs van kamp-akkommodasie gebruik. Waar badkamer geriewe glad nie beskikbaar is nie, sal voorsiening gemaak word deur die gids en toerleier.

Toer prys: 2019		
	SADC tariewe	**Buitelanders tariewe**
Namaqua Lodge uitsluitend	R9 850 P/P	R14 550 P/P
Namaqua Lodge ingesluit	R11 350 P/P	R16 050 P/P

Betaal R3 000 p/p deposito (binne 14 dae) na bevestiging, en die balans slegs 30 dae voor die toer vertrek.

Toer Datums: 2019	
RICH7/1	Ma 24 Junie - Di 2 Julie 2019 (Opsioneel) So 23 Junie – Wo 3 Julie 2019

Program:

Suider-Afrika is besig om 'n baie populêre vakansie bestemming te word. Dit raak vir ons moeiliker om dieselfde fasiliteite te bespreek. Ons mag van ander fasiliteite gebruik maak in hierdie geval, maar wees verseker dat die 2de opsie ook 100% aan ons standaarde voldoen.

Posbus 246 | Voortrekkerstraat 22 | Vanrhynsdorp 8170
Tel: 027 219 1377/027 219 1633 Faks: 027 2191635
Jenny : 082 654 8877 / Mike : 082 89 66 444 / Santa : 082 872 9999
info@namakwatoere.com & info@namaqualodge.co.za
www.namakwatoere.com & www.namaqualodge.co.za

Dag 1: Kaapstad - Vanrhynsdorp (opsioneel)

Ons avontuur begin rondom 09:00 die oggend by een van ons optelpunte soos beskryf op die laaste bladsy van die dokument. Van hier sal ons ons pad vind na Vanrhynsdorp waar u gehuurde 4x4 vir u wag, volledig toegerus met die nodige kamptoerusting. Die voertuig sal vir u wag by Namaqua Lodge.

Maaltye ingesluit: Aandete

Dag 2 - 6: Vanrhynsdorp – Richtersveld Transfrontier Park

Na ontbyt klim ons op die N7 en ry verby Bitterfontein & Garies na die Richtersveld Transfrontier Park. Na ons by ons eerste kampeer terrein aangekom het sal u genoeg tyd hê om op te slaan voor aandete bedien sal word. Vir die volgende 5 dae sal ons deur die Richtersveld toer. Die kampeer areas hang af van die hindernisse en spoed van die groep.

Aktiwiteite en/of fooie ingesluit: Park fooie
Maaltye ingesluit: Ontbyt, middagete & aandete

Dag 7 & 8: Richtersveld Transfrontier Park - Aus

Vroeg oggend na nog 'n heerlike ontbyt sal ons oor die grens gaan by Sendelingsdrif grenspos. Van hier sal ons verder in Namibië in reis na Aus waar ons weer die geleentheid sal kry om ons voertuie vol te maak. Hierna ry ons na Klein Aus Vista net buite die dorp waar ons vir die volgende 2 nagte gaan kamp. Afhangende van wanneer ons hier arriveer sal ons of dieselfde dag of heel moontlik eers die volgende dag vertrek na Luderitz waar ons gaan deelneem in 'n begeleide toer deur die bekende spookdorp, Kolmanskop. U sal ook die kans kry om 'n bietjie Luderitz te verken.

Aktiwiteite en/of fooie ingesluit: Park fooie & Kolmanskop toegang
Maaltye ingesluit: Ontbyt, middagete & aandete

Dag 9: Aus - Hobas

Vanaf Aus reis ons na die Visrivier Canyon waar ons die nag by Hobas sal spandeer. Ons beoog om rondom middagete reeds hier te wees sodat ons 'n heerlike middagete by die uitkykpunt van die Visrivier Canyon kan geniet.

Aktiwiteite en/of fooie ingesluit: Park fooie
Maaltye ingesluit: Ontbyt, middagete & aandete

Dag 10: Hobas – Vanrhynsdorp

Na nog 'n vullende ontbyt groet ons van ons vriende wat vanaf hier terug huis toe wil vertrek. Die res van ons vertrek op die langpad terug huis toe deur die grenspos by Vioolsdrift. Van hier ry ons deur die Namakwalandse klipkoppe en hardeveld tot by Vanrhynsdorp waar ons die laaste aand gaan oornag in Namaqua Lodge. Hier kan die huur voertuie weer gelos word.

Maaltye ingesluit: Ontbyt, middagete & aandete

Ingesluit:

3 Maaltye per dag
Alle kamp & park fooie
Kolmanskop toegang
Badkamer geriewe en warm water

Uitgesluit:

Persoonlike kamptoerusting
Brandstof
Opsionele 4x4 voertuig huur
Namaqua Lodge - Vanrhynsdorp akkommodasie

Belangrik om te weet:

- Wanneer u 'n vlug wil bespreek op dieselfde dag wat die toer klaar maak, kontak asseblief die kantoor vir 'n tweede opinie oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.
- Ons kantoor kan u ook help om die nodige vlugte, 4x4 huur en hotelle te bespreek teen geen ekstra administratiewe koste nie. Neem asseblief kennis dat ons geen afslag kry op enige vlugte nie. Ons wil u net help om die proses so maklik as moontlik te maak.

Pad toestande en infrastruktuur:

Die paaie in Namibië en deur Afrika is baie keer in 'n swak toestand, wat dit baie swaar op ons voertuie maak. Ons het groot trots in ons voertuie en maak seker dat ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat alles goed verloop. Maar ons kan ongelukkig nie alle situasies voorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry is ongeteer, vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie. Dit beteken ook dat die reistyd soos aangedui slegs 'n aanduiding is en nie 'n gegewe nie. Ons weet dat dit kan vermoeiend raak, maar die paaie vat ons op die ou einde na ongelooflike plekke.

DRINK WATER

As 'n reël aanvaar ons alle water wat uit 'n kraan kom as ondrinkbaar en gevaarlik vir menslike gebruik. Dit mag minerale en bakterië bevat wat u maag nie aan gewoond is nie. Dit kan ernstige ontsteltenis veroorsaak en tot siekte lei. Dit kan sonder twyfel u hele toer verwoes. Maak seker dat u 'n BPA vrye bottel tot u beskiking het deur die loop van die toer en ook genoeg drink water.

Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?

Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikste gidse wat u ooit sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie!

www.facebook.com/namakwatoere

Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto's op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!

Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- Die Toer is onderhewig aan 'n minimum van **6 persone** om plaas te vind.

- ***Namakwa Toere*** onderneem om sover dit moontlik is geen toer te kanselleer nie. Ons het nog nooit nodig gehad om 'n toer te kanselleer nie. Indien dit ooit sou gebeur dat ons 'n toer ***moet*** kanselleer, sal ons u gelde wat u alreeds betaal het, binne 24 uur terugbetaal met 10% rente per jaar.

Hoe bespreek ek 'n toer by Namakwa Toere?

- Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek, vul die besprekings vorm in. Faks of epos die vorm dan na ons kantoor. Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlieg besprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toerverwysings-nommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. **Hierdie toerverwysings-nommer moet op u deposito strokie aangetoon word.** Hierdie toerverwysingsnommer moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer wat u bespreek het.

- Ons verskaf nie bank besonderhede sonder 'n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede gelde inbetaal sonder dat hulle 'n toer verwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie 'n bespreking per faks of epos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede gelde inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Vriendelike groete

Namakwa Toere Span

Jenny Spies, Mike Spies & Santa Van Huyssteen

Hotel akkommodasie indien u wil oornag voor of na die toer:

	City Lodge – Grand West - Kaapstad (3 ***) Toer vertrek: 09:00
Enkel	R1 236
Dubbel / Twin	R1 532
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 06:30 - 09:30
Aandete Middagete	Geen Restaurant Verskeie restaurante by Grand West beskikbaar
Pendeldiens	R300 +R20 ekstra vir 2de persoon Indien u die Uber toepassing het, sal ons aanbeveel dat u hiervan gebruik maak, aangesien dit baie goedkoper sal wees as 'n privaat pendeldiens.
Parkering	Gratis (lang termyn beskikbaar)
Wi-Fi	15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar
Ekstra	Sitkamer met kroeg fasiliteit Grand West Casino & Vermaaklikheid - verskeie restaurante/teaters
Webtuiste	https://clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotel

	Hotel Verde – Lughawe - Kaapstad (4 ****) Toer vertrek: 09:30
Enkel	R1 240
Dubbel / Twin	R1 545
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 04:30 - 09:30 - Naweke 04:30 - 10:00
Aandete Middagete	A la carte restaurant Middagete : 12:30 - 15:00 Aandete : 18:30 - 22:30 Kamer bediening : 10:00 - 22:30
Pendeldiens	Gratis vanaf Lughawe
Parkering	Gratis oornag – Nie lang termyn
Wi-Fi	Gratis
Ekstra	Sitkamer met kroeg fasiliteit Gimnasium
Webtuiste	http://www.hotelverde.co.za/

	Road Lodge – Lughawe - Kaapstad (1 *) Toer vertrek 09:45
Enkel & Dubbel / Twin	± R751.44 per kamer (een of twee persone) (Tarief kan verander sonder kennisgewing)
Ontbyt	Kontinentale ontbyt– R90p/p 06:30 - 09:00 07:00 - 10:00 (Naweke)
Aandete Middagete	Geen restaurant Restaurante by lughawe beskikbaar, of skakel Mr Delivery vir wegneem etes
Pendeldiens	R40 p/p (2018 tarief)
Parkering	Gratis
Wi-Fi	15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar
Webtuiste	https://clhg.com/hotels/308/Cape-Town-International-Airport

- Vlugte – Kontak gerus die kantoor vir meer inligting
- 4x4 Voertuig huur – Kontak gerus die kantoor vir meer inligting

Alle akkommodasie en 4x4 voertuig huur moet verkieslik deur Namakwa Toere se kantoor bespreek word om vir die spesiale tarief soos aangedui te kwalifiseer.

BESPREKINGSVORM

TOERLID 1:

Van: ..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam(e) soos op ID en Paspoort verskyn Noemnaam: .....

..... Nooiens van: .....

ID no: ..... Tel no: .....

Paspoort Nommer: ..... Epos: .....

Paspoort verval datum: ..... Sel no: .....

TOERLID 2:

Van: ..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam(e) soos op ID en Paspoort verskyn Noemnaam: .....

..... Nooiens van: .....

ID no: ..... Tel no: .....

Paspoort Nommer: ..... Epos: .....

Paspoort verval datum: ..... Sel no: .....

Toer Datum / Verwysing : ..... RICH 7/.....

Het u hulp nodig om vlugte te bespreek : Ja..... Nee.....

Vertrek **vanaf** lughawe:	Lughawe naam	Datum **na** bestemming:	
Terug **vlug na** lughawe:	Lughawe naam	Datum **vanaf** bestemmin	

Moet ons help met hotel besprekings: Ja..... Nee.....

Datum: (**Voor** toer begin) .....Datum: (**Na** toer eindig) .....

City Lodge - Grand West		Road Lodge - Lughawe	
Hotel Verde - Lughawe		Namaqua Lodge - Vanrhynsdorp	

Tipe akkommodasie by hotel in Kaapstad/Vanrhynsdorp: Enkel..... Dubbel..... Twin.....

Moet ons help met pendel rit reëlings in Kaapstad/Vanrhynsdorp**:** Ja..... Nee.....

Indien u self u vlug bespreking doen - bevestig u vlugte

Opklimpunt:

City Lodge - Grand West	09:00		Road Lodge - Lughawe	09:45	
Hotel Verde Lughawe	09:30		Namaqua Lodge - Vanrhynsdorp	07:00	

Handtekening: ..... Datum: .....

Naasbestaande: ..... Tel nr: .....

Epos na: info@namakwatoere.com